

20 September
Johannes 14:15-25; 16:5-15

Die Heilige Gees

Verward soek mense sekerhede en antwoorde – oor hulself, die wêreld, die toekoms, die kerk en oor God! Daar is 'n ongekende soeke na God! Teenoor die leë verwarring by almal wat buite staan, bely ons troosryk: "Ek glo in God die Vader, ... in Jesus Christus, ... in die Heilige Gees ..."

Met die uitstorting van die Heilige Gees word die diepste binnegeheime van God se raadsplan aan ons bekend gemaak, naamlik wie se name opgeskrywe is in die boek van die lewe; vir wie God werklik die Vader is en vir wie Christus gesterwe het! Die Gees maak God se raadsplan met voorbedagte rade aan baie spesifieke mense bekend – aan God se uitverkorenes, ook aan jou en my ... of nie! Dit wat die Vader besluit het, dit wat Jesus verwerf het, dit bewerk die Heilige Gees hier en nou in die harte en gedagtes en lewens van mense! Of nie! Hy vervul daardie mense. Of nie! Die tekens daarvan is dat ons glo, ons bekeer, ons lewe vernuwe, volhard in die geloof, die vervulling van God se beloftes verwag, die Here dien, vurig bid, dat ons na God verlang en verlang ...

Die tydsgees is alles behalwe vriendelik teenoor die kinders van God en die kerk. Mense ken die Here nie meer nie. Teenoor die tydsgees – so verkondig ons – staan die Heilige Gees! In sy heerlijkheid is Hy onse God. Hy is ewig, alwetend en heilig. Hy is die bewerker van ons wedergeboorte, die oorsprong van ons geloof, die dryfveer van ons volharding – ons Heiligmaker. Hy is die ware God saam met die Vader en die Seun, die derde Persoon van die onbegryplike wese van God Drie-enig! Hy is "ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade laat deel kry, my troos en ewig by my bly."

Ds PK Lourens (Bloemfontein-Oos)